ADVERTENSIES

STEYNTJIENUUSBRIEF 12

Tel: 011 902 4904 / 4726
Faks: 011 902 5502
e-pos: presteyn@mweb.co.za

30 Maart 2017

SKOOL SLUIT

31 Maart 2017 om **10:00**

Die skool sluit op Vrydag 31/03 om **10:00** vir die skoolvakansie en
heropen weer op **Dinsdag 18 April 2017.**

- ***Ouers moet asb nie leerders vroeër kom afhaal nie.***

Baie dankie vir u ondersteuning in dié verband.

RAPPORTE

Alle leerders ontvang hul Rapporte om **09:30** in hul **Registerklasse.**

Indien u kind nie teenwoordig is nie, kan u vanaf **10:00 tot 10:30** die rapport by die kantoor kom afhaal.

KAALVOETDAG

21/04

Op Vrydag, 21 April 2017, kom die kinders kaalvoet skool toe. U sal `n brief ontvang met inligting op van watter **nie-bederfbare item** elke graad die betrokke dag moet saambring.

So kan ons behoeftige mense help. Byvoorbaat dankie daarvoor.

STEYNEGROETE

SPORT

Welpie- en nooientjiedag - 6 Mei 2017

Op Saterdag 6 Mei 2017 bied ons skool bogenoemde prestige dag aan. Om als vlot te laat verloop, het ons elkeen se hulp nodig met die verkope ens.

- Daarom is daar op Donderdag 20 April 2017 'n vergadering om 18:00 vir alle ouers in die skoolsaal.
- Elke graad kry iets anders om te verkoop die betrokke dag.

U hulp en insette word opreg waardeer.

NETBAL

Baie dankie aan al ons A-spanne wat aan die Superreeks deelgeneem het op 25 Maart. Ons is trots op julle prestasie.

- **Kristin Lloyd (0/13) is deur na die 2e rondte van die Gauteng proewe.** Baie geluk en sterkte!

RUGBY

***Geluk aan*:** **Marco van Staden** 0/13
Cephas v Biljon, Roland v Tonder, Stephan v Deventer 0/12
wat in die **Oosrand Spanne** ingesluit is.
Sterkte ook aan ons 0/11 en 1e spanne wat die vakansie in Witrivier gaan toer.

HOKKIE

Ons is baie trots op **Charlize Viljoen** wat in die **Oos-Gauteng 0/13B-**span opgeneem is.

ATLETIEK

Geluk aan:

Denelize Botha, semi-finaal 150m **Hekkies** D 0/12
Cayden Groenewald, 9e **Gewigstoot** S 0/11

se mooi prestasies by die **SA Kampioenskappe.**

ALGEMEEN

Geluk aan ons 1e, 2e en 0/9 Rugbyspanne en ons 0/10 en 0/13 netbalspanne wat in die finaal van die Superreeks gespeel het.

KUNSWEDSTRYD 2017

Die Alberton Kunswedstryd begin weer in die derde kwartaal. Alle leerders wat graag wil deelneem, kan solank hulle inskrywingsgelde by hulle onderwysers inbetaal.

Die kostes beloop **R40 per item** en die **groepe R20.** Die **sluitingsdatum** vir alle gelde is **26 April 2017.**

GEEN gelde sal na die datum ontvang word nie.

Ons wil weer hierdie jaar soveel moontlike leerders geleentheid gee om deel te neem.

Langnaweek ***2de Kwartaal***

Net om weer te herinner vir vroegtydige beplanning.
Die skool gaan op **Woensdag 26 April** 2017 verdaag om **12:00**

Donderdag, ***27 April 2017*** is dit **Vryheidsdag.**
Vrydag, **28ste April 2017** is 'n **Skoolvakansiedag.**
Maandag, **1 Mei** is dit **Werkersdag**.

Die skool sal weer normaal voortgaan op Dinsdag, 2 Mei 2017.

KOPLUISE

Hierdie "nare ongenooide gaste" besoek van tyd tot tyd die skool.

Ons vra dat ouers asb sal kyk dat hul kinders se koppe "skoon" is. Dit veroorsaak 'n ongemaklike situasie vir personeel, ouers en leerders indien die skool leerders moet huis toe stuur.

Produkte is by apteke beskikbaar om te voorkom dat koppe besmet word. Dankie vir u hulp in dié verband.